Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za



# Ernst Malherbe

**Area: Bredasdorp, Riviersonderend en omgewing**
**T: 082 802 8171 | E: malherbe@laeveld.co.za**

**Gewasse:** Kleingraan, groente en snyblomme
**Aanbieding:** Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Ernst Malherbe het in die Riversdal-distrik grootgeword. Hy het aan die Hoër Landbouskool Oakdale gematrikuleer en het op skool Suidwestelike Distrikte (SWD)-kleure in atletiek verwerf vir verspring. Ernst het ook twee jaar lank vir die skool se eerste span rugby gespeel en was hy ook betrokke by die Voortrekkers, het tweekamp gedoen en op die skool se boerevereniging gedien.

Nadat hy sy skoolloopbaan voltooi het, het hy saam met sy ouers geboer vir ses jaar lank en ondervinding opgedoen in in die melkery, met vleisbeeste, skape, volstruise, aartappelverbouing en kleingraanaanplantings (saaiery). Hy begin as agent vir ander maatskappye en in 2014 sluit hy by Laeveld Agrochem aan.

Ernst is getroud met Thea, ’n laerskoolonderwysers, en hulle het twee jong dogters. In 2003 het hulle na Bredasdorp in die Overberg verhuis. Behalwe vir sy gesin, is die saaiery sy eerste liefde. Gevolglik doen hy baie navorsing oor kleingraan-verbouingsmetodes en produksie as geheel. Boonop spog hy ook met ’n diploma as wolklasser en het hy die CropLife-kursus voltooi.

Ernst geniet elke oomblik van sy werk en hy voel hy leef elke dag sy stokperdjie uit. Die feit dat hy elke dag op plase kan werk met sy liefde vir graan en weidings, is vir hom baie lekker. Wat hom opgewonde maak, is as ’n produsent ’n goeie oes behaal en hy ’n klein, beskeie bydrae tot dié sukses kon maak.

**Ernst is werksaam in die gebiede van Bredasdorp, Napier, Ouplaas, Van Brakel, Rietpoel en Klipdal. Hy spesialiseer in die verbouing van kleingraan, groente, snyblomme en proteas (veldblomme). Sy droom is dat Laeveld Agrochem ’n huishoudelike naam in dié distrik sal word.**

Ernst sê sy vrou ondersteun hom in alles wat hy doen. Hy is lief vir die buitelewe, die see, musiek, dans en saam geniet hulle gesin dit om saam met vriende om ’n vuurtjie te kuier.

Ernst sê: ***“Ek probeer om daagliks só te leef dat mense kan sien dat God my Koning is. My grootste doel is om Sy koninkryk uit te brei en ’n ligdraer vir Hom te wees”.***

**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur ’n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.

Agri Technovation